KENNISGEWING 381 VAN 2020

STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT – KENNISGEWING VAN 'N HERSONERING AANSOEK IN TERME VAN ARTIKEL 16 (1) VAN DIE STAD TSHWANE GRONDGEBRUIKBESTUUR BYWET, 2016

Ons, Multiprof Property Intelligence (Pty) Ltd, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Erf 283, Die Wilgers Uitbreiding 9, gee hiermee ingevolge Artikel 16(1)(f) van die Stad Tshwane Grondgebruiksbestuur Bywet, 2016, kennis dat ons by die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (hersien 2014), deur die hersonering in terme van Artikel 16(1) van die Stad Tshwane Grondgebruiksbestuur Bywet, 2016, van die eiendom soos hierbo beskryf. Die eiendom is geleë te Rossouw Laan 517, Die Wilgers Uitbreiding 9.

Die hersonering is vanaf "Residensieël 1" na "Besigheid 3" om die bestaande geboue te omskep om 'n winkel te akkomodeer waar Skoolklere verkoop sal word, sowel as 'n beperkte area vir kantore, twee klein wooneenhede, en die geleentheid vir Mediese Spreekkamers indien benodig, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Die bedoeling van die applikant is om regte te bekom om die bestaande geboue te omskep vir die voorgestelde skoolklere winkel en ander gebruike soos benodig, met die byvoeging van twee wooneenhede op die eerste vloer bo dele van die bestaande gebou.

Enige besware of kommentare wat duidelik die gronde van die beswaar en die persoon(ne) se regte uiteensit en aandui hoe hulle belange deur die aansoek geaffekteer gaan word asook die persone se volle kontakbesonderhede, waar sonder die Munisipaliteit nie met die persoon kan korrespondeer nie, moet ingedien word by, of skriftelik gerig word aan: die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning, Afdeling Grondgebruiksregte, Posbus 3242, Pretoria, 0001 of na CityP_Registration@tshwane.gov.za vanaf 25 Maart 2020 tot 22 April 2020.

Volledige besonderhede en planne (indien enige) van die aansoek kan gedurende gewone kantoorure besigtig word by die Munisipale kantore soos hieronder uiteengesit, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 25 Maart 2020 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing) in die Gauteng Provinsiale Gazette, Beeld en Citizen koerante.

Adres van die Munisipale kantore: LG004, Isivuno Huis, 143 Lilian Ngoyi Straat, Pretoria Munisipale Kantore.

Sluitingsdatum vir enige beswaar(e): 22 April 2020.

Naam en Adres van gemagtigde agent: Eenheid 25 Garsfontein Kantoorpark, 645 Jacqueline Rylaan, Garsfontein / Posbus 1285, Garsfontein, 0042. Tel: (012) 361 5095 / Sel: 082 556 0944 / Epos: info@mpdp.co.za

Datum van publikasie van die kennisgewing: 25 Maart 2020 en 1 April 2020

Verwysing: CPD 9/2/4/2 **Item no: 31530**

25–1